MEDIAVRYSTELLING

NG KERK MODERATUUR WES-EN-SUID-KAAPLAND

BEOOGDE INLIGTINGSWET EN MEDIA-TRIBUNAAL

Die moderatuur van die NG Kerk (Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland) versoek die regerende party en die Nasionale Parlement om te herbesin oor die konsepwetgewing oor die beskerming van inligting (*PROTECTION OF INFORMATION BILL* B6 – 2010) wat tans soveel opslae maak.

Ons het begrip vir die feit dat sekere inligting by uitsondering beskerming behoort te geniet indien dit in belang is van staats-sekuriteit (art 43). Die vervanging hiervan deur die begrip “nasionale belang” (art 40), asook die ernstige tronkstraf wat hiermee gepaard gaan, kan egter lei tot ernstige misbruik deur die regering van die dag, veral omdat hierdie definisie nie duidelike beperkings insluit nie.

Ook die idee van 'n parlementêre *Media Tribunaal,* wat in die besprekingsdokumente van die ANC as ’n sterk moontlikheid genoem word, stel die vooruitgang wat in Suid-Afrika gemaak is rakende die reg op vryheid van spraak en toegang tot inligting sedert die aanvaarding van die Grondwet van Suid-Afrika (1996) in gevaar. Ons het baie begrip vir die destruktiewe invloed van skadelike beriggewing en joernalistieke praktyke wat bloot gerig is op die sensasionele, waardeur die menswaardigheid van mense aangetas kan word en die regte van die individu op die spel geplaas word.

Ons meen egter dat die huidige maatreëls, waarin die Media-Ombudsman (parlementêr onverbonde) 'n prominente rol speel, eerder uitgebrei en versterk behoort te word. Sodoende kan binne die konteks van siviele wetstoepassing 'n voldoende proses daargestel word om die regte van individue te beskerm.

Moderatuur
NGK Wes-en-Suid-Kaapland

3 September 2010

Navrae:
Dr Braam Hanekom (Moderator) 083 302 8639
Dr Ben du Toit (Direkteur Kommunikasie) 082 332 8700